

Grahamstad
Maandag, 18 November 1963

My liefling, my Kokon,

Ek moes al geskryf het, en ek *wou* en tog was alles nog eintlik onsegbaar, té tenger om met woorde aan te raak. Veral omdat die terugkom hier so 'n terugtuimel was in banale realiteite van eksamenskrifte nasien, opgehoopte werk organiseer en – swaar – leer aanpas by 'n lewe-sonder-kommunikasie.

Liefling, van ons laaste, amper surrealistiese, nag is alles eintlik 'n eienaardige, ongeloofbare en vaag skrikwekkende dvarreling. Was dit *ons* wat daarin betrokke was? Het ons *dit* gesê? Waar – en hoekom het alles dan skielik op ons afgekom?

En tog as ek die week in 'n *geheel* sien, dan bly dit een van openbaring; dan het ons *deur* en ten spyte van al die opwellings op 'n dieper manier by mekaar uitgekome as ooit tevore. En ek voel nou meer *verbonde* aan jou én hartgrondiger *liéf* vir jou as wat ooit moontlik gelyk het. “What a piece of work is a man ...”

By alles onthou ek Gordonsbaai, ons kristalbal van wonder en geluk en vervulling. Want *dít was* soos ons vooraf geglo het, die heel suiwerste wat ons ooit saam was.

En die ander dinge, liefling, waaroor ek nog skaars kan praat, dalk was ook dít noodsaaklik, op ’n irrasionele, wrede manier, omdat dit ons in ons verloretheid en dringendheid voor mekaar gestel het. Oor die onvergeefbare seer wat ek jou aangedoen het, kan ek niks sê en niks vra wat toereikend is nie. Net dat dit vir my ’n akute gewete sal bly, áltyd. Omdat ek jou liefhet en in nood verknog is aan jou en nie kan verduur dat jy moet verwond word nie.

Die rit terug was ’n nagmerrie van skuld en verlange en hunkering. En ek was *moeg* – is nou nog. En toe raak ek buite Knysna in ’n ongeluk ook nog betrokke. Absurd eintlik, en goddank lig: ek het net begin versnel van 35 m.p.u. af toe ’n bromponie heeltemal links op die pad reg voor my inswaai om regs te draai. Ek het die motor weggepluk en hom net met die een modderskerm getref. Gedog hy’s morsdood. Maar toe ek stilhou en uitklim, staan die oubaas al weer regop by sy amper onbeskadigde bromponie. Hy’s deur-en-deur Afrikaans, maar van die skrik praat hy net Engels. Wil net geradbraak weet: “Joer not gouing toe meik trabel fôr mie hei?” En toe dit blyk dat hy eintlik ongeskonde is, sy ryding ook, en net my motor geduik, klim ek weer in om te ry. Net toe gee hy ’n skree en kom aangedraf, sy hande pateties voor hom uitgestrek en hy uiter die klassieke klag: “Maai paaip ies brouken, mên.”

Daaroor het ek vir die volgende 50 myl gelag.

Ek het elfuur tuisgekom, uitgeput. Saterdag eksamen gehad, die middag na Port Alfred om Naas te sien wat vir ’n dag daar was en hom sy *Die ambassadeur* te gee, gister in ’n swym gelê en vandag werk ek dat dit opslae maak.

Jou mooi, dierbare brief was toe hiér. Oop, met al die besonderhede van die week. Estelle het niks spesifiek gesê nie. Net te kenne gegee dat dit ’n “skok” was. Vermoedelik het sy dit tog gelees. Wanneer val die brakwal? “Blow, wind! Come, wrack!” Ek is *moeg*. Ek weet nie wat voorlê nie. Ek weet net dat ek jou onmoontlik liefhet, en dat ek jou rade-loos seergemaak het.

Jou pakkie het toe al die tyd hierheen gekom – gek! Ek het hom vandag gekry (die strokie het al laasweek gekom). Veral die wit-en-swart stelletjie lyk mooi. Die ander meer gewoon. Ek stuur hulle vir jou aan.

Ek wil jou so graag *sien* daarin, veral in die bikini'tjie met die strikkies.
Januarie?

“Lord, I am not worthy.”

Die gees is duister oor die duister water.

Die hert roep in die woestyn.

Die skepping is ongebore en wag en hunker.

Ek noem jou naam, Ingrid. Jou teer, skoon, maagdelike naam. Ek noem dit met liefde en seer teerheid. En ek groet jou met nood en hunkering.

Jou kort hare met die son en die see en met rook en hul eie geurigheid daarin,

en die krulletjie op jou voorkop;

jou dierbare ore wat nie altyd luister nie

en so baie seer is veral na motorongelukke;

en jou bruin oë wat gelukkig of seer is,

wat lag en huil, wat stil is of vloek;

en jou sagte mond wat soen en praat;

en jou ken wat terg en tart;

en jou geurige gladde spikkelskouers;

en jou rug wat bruin is van die son;

en jou wit ronde borsies, vol en met melk,

en die dierbare tuitjies daarop – die borsies wat so rustig sit en asemhaal as jy lees;

en jou sagte, bewegende pensie;

en jou klein arms met die pragtige hande,

en die slordige naels en die kepie van die rug;

en jou bene met die lokkende trek van die spiertjies in jou kuite as jy jou swart skoene aan het;

en jou mooiste voete met die leukodendron, wat oor die berg stap en nie saam met vreemde mans ry nie;

en jou wit boudjies wat van sit 'n verrukking maak;

en jou klein hoë heuweltjie vertroulik onder my hand,

en diep en warm en sag die kokon,

mý kokon, gretig en gulsig, teer en hartstogtelik.

Alles. Jy. Jy.

Myne en nie myne nie.

Myne.

My liefling ek het jou lief.

Verskriklik joue,

André.

Castella

Saterdagavond, 23 November 1963

My liefste André,

'n Mal dag gister mal vandag, sand son see, en ek en Simone heerlik verbrand; ek het haar nou net in haar bedjie geval. Liefste man, eerstens, geluk en weer eens geluk met *Die ambassadeur*, wat toe eers vandag verskyn het; en waarvoor jy al die pad PE toe moes ry; en nou hou jy partytjie; wie almal is daar? Aangesien Guy [Butler] in die Kaap is, hy nié, maar Rob-hulle en Frieda ... ek hoop jy het my telegram gister gekry; die stofomslag het ek nog nie gesien nie – definitief Maandag; wanneer ons verlore pakkie seker ook sal kom. W.E.G. Louw se resensie is natuurlik *baie* gunstig; maar as *resensie* nie hélder en goed genoeg nie; ek het *Die ambassadeur* weer ge lees; vinnig dié keer nè! en vind hom in elke onderdeel weer openbarend; my enigste beswaar is nog, dat as die ambassadeur wérklik met ons situasie gekonfronteer word, dit sou bydra tot sy aftakeling. W.E.G. se beswaar, dus. Maar die menslike verhoudings is fyn, waar, goed, en die karakters “grow on one” – selfs

dié Stephen; nog nie Gillian, maar dis miskien persoonlik – omdat dié “geding met God” vir my, persóónlik, so ’n ondenkbare situasie is.

Dit is ook juis die beswaar wat ek van die eerste bladsy inbring teen Jack se nuwe boek, waarvan die ms. hier voor my lê: Ag kind! ek verlang na jou – Antje, ’n Hollandse vrou wat vandag saam met Uys die uitknipsel oor *Die ambassadeur* gelees het, sê jy lyk op my. Om die een of ander stupid rede het dit my ontroer. Is jou skouers al weer beter en waar het jy geswem? Op die vensterbank agter die geel gordyne lê nog altyd die Caligenic. Genadelose wrede woorde. Kan enigiemand hulle meer háát as ’n skrywer? Woorde in plaas van jóú hande, in plaas van jou pragtige rooikop teen my bors. Ek wens ons kon net een keer bymekaar wees sonder om êrens te voel dat ons ander mense daardeur bedonder en onself in die proses, vry en rustig en verantwoordelik en héél.

Ek het drie Vasalisse Vrydag van mev. Bouws gekry: *Parken en woestijnen*, *De vogel phoenix* en *Vergezichten en gezichten*. Ken jy haar? Bekroon met die Reina Prinsen Geerligs-prys van 1957 glo. Almal is so lief vir my, soos Jannie Gildenhuis sê.

André, jy moenie ’n “akute gewete” hê oor ons botsing of wat ook al nie. Ek sien jou darem nog as ’n *bele* mens, ek het jou lief so. En moenie bang wees nie. Bang is boos. Ek lees jou hartseer brief van Maandag oor en oor. Ek was donners onsensitief waar dit jóú nood aangaan. En daaroor is ek *jammer*; maar die gewete wat ek daaroor het word positief opgeneem in liefde, wat alles genees. Ek wil staan in ’n werklikheid, en nie gedood word deur ’n droom nie. Lieflike man, rooierige langerige hare, dierbare mond, hande, mooi wit moesielyf en pielietjie, beskermende krag “wat lyk soos ek, wat lyk soos alles wat ek liefhet”.

Joune in hartstog en verlange en geluk en aanvaarding,
Jou Kokon.

Ns. Ek ontmoet (hopenlik) vir Johan [Cilliers] Maandag en vir *Die ambassadeur* saam met Koos. Met liefde. En kom gou weer, en vertel my álles.

Jou Ingrid Jonker.

Nss. Jy behoort tóg by my. Liefde én liefding. IJ.

En nog: Skryf man! “Stage fright?” Had ek ook, maar daais nonsens.
Lees [Adam] Small: goed nè? I.
